Stellenbosch University Iyunivesithi Universiteit | forward together sonke siya phambili saam vorentoe

## Meer oor Reserwebankpresident Lesetja Kganyago

Lesetja Kganyago is met ingang van 9 November 2014 as president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangestel. Hy is deur pres Cyril Ramaphosa heraangestel vir 'n derde termyn van vyf jaar, wat op 9 November 2024 in werking getree het.

Hy was sedert Mei 2011 'n adjunkpresident van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Hy het in hierdie rol vir 'n wye verskeidenheid verantwoordelikhede gehad, insluitende navorsing, finansiële stabiliteit, banktoesig, hervorming van finansiëlesektor-regulering (insluitende die bekendstelling van die Twin Peaks- regulatoriese struktuur), finansiële toesig (insluitend die neem van verantwoordelikheid vir die regulering van oorgrens-geldvloei), risikobestuur en nakoming, en wat toe bekend gestaan het as die Suid-Afrikaanse Reserwebank-kollege (nou die Suid-Afrikaanse Reserwebank-akademie).

Kganyago het meer as 20 jaar ondervinding in die formulering en implementering van openbare beleid, nadat hy tyd in die sentrale bank en die nasionale tesourie deurgebring het. Hy het wye ervaring in makro-ekonomiese beleid, finansiëlesektor-beleid, openbare finansies, internasionale finansies, openbare skuldbestuur en finansiële markte. Hy het gedurende sy ampstermyn as direkteur-generaal van die nasionale tesourie verskeie hervormings aan openbare finansies en finansiële markte suksesvol bestuur. Hy het 'n leidende rol in die fundamentele hervorming van die mikrostruktuur van binnelandse effektemarkte gespeel, insluitende hervormings aan die veilingstelsel en die bekendstelling van nuwe finansiële instrumente soos inflasiegekoppelde effekte, terugkope, omskakelings en STRIPS. In sy tyd by die nasionale tesourie is 'n fundamentele hervorming in die bestuur van die nasionale skuldportefeulje voltooi.

Kganyago het as president van die Reserwebank Suid-Afrika se tegniese span na verskeie G20-vergaderings en berade van ministers van finansies en presidente van sentrale banke gelei, insluitende die heel eerste beraad in 2008. Hy was voorsitter van die IMF/Wêreldbank-ontwikkelingskomitee van afgevaardigdes en die G20-werkgroep oor IMF-bestuurshervorming; hy was ook vir 'n tydperk van vier jaar die ondervoorsitter van die Raad op Finansiële Stabiliteit se staande komitee oor standaarde-implementering.

Kganyago is tans voorsitter van die komitee van sentralebank-presidente van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en hy is die medevoorsitter van die Raad op Finansiële Stabiliteit se streekskonsultasiegroep vir Afrika suid van die Sahara. Hy was ook voorsitter van die Raad op Finansiële Stabiliteit se staande komitee oor standaarde-implementering. Hy is nou voorsitter van die Raad op Finansiële Stabiliteit se sentralebank-bestuursgroep (CBGG).

Hy was vanaf 18 Januarie 2018 vir 'n tydperk van drie jaar die Internasionale Monetêre en Finansiële Komitee (IMFC) se voorsitter. Die IMFC, bestaande uit ministers van finansies en sentralebank-presidente, is die primêre adviesliggaam van die IMF-presidentsraad en beraadslaag oor die belangrikste beleidskwessies wat die IMF in die gesig staar.

Kganyago het 'n meestersgraad in Ontwikkelingsekonomie van die Universiteit van Londen (Skool vir Oosterse en Afrikastudie) en 'n BCom-graad in rekeningkunde en ekonomie van die Universiteit van Suid-Afrika.

*(Bron: Suid-Afrikaanse Reserwebank)*